## MIV-positiewe tienerma’s vergete en magteloos

**Ilze Slabbert en Tasneemah Cornelissen-Nordien***

Terwyl Suid-Afrikaners Vrouedag (9 Augustus) en Vrouemaand herdenk om vroue en hul rol in die samelewing te vier, ondervind verskeie jong vroue, insluitende tienermeisies, steeds swaarkry en teëspoed. Hulle word dikwels aan seksuele mishandeling en uitbuiting blootgestel, soos ons in die land se skrikwekkende hoë vlakke van geslagsgebaseerde geweld (GBG) kan sien. Dit lei dikwels daartoe dat baie tienermeisies ongewens swanger raak en MIV opdoen. Suid-Afrika het die hoogste koers MIV-infeksies in die wêreld met nagenoeg 200 000 nuwe infeksies per week. Die meeste hiervan kom onder jong vroue, insluitende tienermeisies, voor. Dit beklemtoon die kwesbaarheid van hierdie meisies in ’n samelewing wat deur mans oorheers word.

Tienerma’s, veral dié in landelike gebiede, het ondersteunings- en bemagtingsdienste broodnodig, aangesien talle van hulle MIV-positief is. Daarom het hulle spesiale behoeftes wat onder meer opvoeding oor hul eie en hul babas se gesondheidsorgvereistes en hulp om hul hoërskoolopleiding te voltooi, insluit.

Hierdie ma’s woon gewoonlik in haglike omstandighede met beperkte mediese sorg en onvoldoende ondersteuning. Ondanks Suid-Afrika se progressiewe grondwet wat die reg van alle mense beklemtoon om toegang tot behuising, gesondheidsorg, voedsel en water te hê, het MIV-positiewe tienerma’s in landelike gebiede dikwels nie voldoende toegang tot basiese noodsaaklikhede soos skoon drinkwater nie. Verder kan hulle weens hul MIV-positiewe toestand nie hul babas borsvoed nie, wat verdere druk op die jong ma’s plaas om melkformule vir hul babas te bekom sodat hul babas gesond kan bly.

Ten slotte …
MIV-positiewe tienerma’s ondervind dikwels ’n oorweldigende sin van hulpeloosheid. Hulle benodig multidissiplinêre dienste wat hulle kan help om aan sommige van hul basiese behoeftes te voorsien soos finansiële -en gesinsbeplanning, mediese sorg, ouerskap van ’n nuwe baba, skoling en hul eie welstand.

Wanneer ons Vrouedag en Vrouemaand vier, moet ons ook bewustheid skep oor die toestand van MIV-positiewe tienerma’s wat vergete, magteloos en uitgebuit bly. Ons moet ’n doelbewuste poging aanwend om aan hierdie meisies ’n stem en ’n plek in hierdie mooie land te gee.

- Klik hier om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Drr Ilze Slabbert en Tasneemah Cornelissen-Nordien is dosente in die Departement Maatskaplike Werk by die Universiteit Stellenbosch.**